



Loop lig vir dié nuwe belasting

Om dividendbelasting te probeer ontduik deur 'n "lening" kan jou duur te staan kom en ook ernstige gevolge vir jou boedel inhou.

Ons kyk vandag na enkele belastinggevolge van leningsrekenings. Dit is nie allesomvattend nie; dit dek die belangrikste punte.

Kom ons kyk eers na die nuwe dividende-belasting wat sedert 1 April in werking getree het en die gevolge daarvan op leningsrekening. Ek doen dit ná 'n lesersbaie benoud laat weet het dat sy ouditeur vir hom gesê het hy moet belasting op die leningsrekening betaal en dat dit vóór 1 April gedoen moet word.

Dit is natuurlik nie korrek nie. Daar is geen belasting betaalbaar op leningsrekening nie. Dit is die goeie nuus. Ons kom later terug na die onderwerp van ons bespreking, maar laat ek net eers die punt oor die gewaande dividendbelasting op leningsrekening opklaar.

In reaksie op my stelling dat daar nie belasting op leningsrekening betaalbaar is nie, het die lesersbaie duidelik dat die "nuwe belasting op waarde-onttrekking gehê móét word. Ten einde dit te vermy, móét die geld wat tans op die leningsrekening lê, uitgekeer word as 'n dividend. Dit kan vandag nog gedoen word deur maatskappye teen sekondêre belasting van 10%. As jy dit nie doen nie, gaan jy in die toekoms elke jaar die waarde-onttrekkingsbelasting, of die dividendbelasting teen 15%, moet betaal."

Vir ander wat dalk ook nie weet nie, enige belasting móét betaal word. Tussen die vorige wet en die nuwe wet is daar nie 'n verskil wat dit betref nie. Wat die belasting op dividende betref, is dit betaalbaar wanneer dividende uitkeer en wél deur die persoon wat die dividend ontvang – teen 15%.

As jy nie 'n dividend uitkeer nie, is daar nie dividendbelasting betaalbaar nie. Dit is só eenvoudig. 'n Lening van die maatskappy of beslote korporasie aan jou as direkteur of lid is nie 'n dividend nie. Dit was ook nog nooit nie. Dit is 'n lening.

Die belasting op waarde-onttrekking waarvan die lesersbaie verwys, bestaan nie. Dit is deur die Wysigingswet op Belasting (Wet 24 van 2011) herroep nog voor dit in werking getree het. Ek gaan nie verder hierop in nie.

Kom ons kyk nou na die werklike situasie met betrekking tot leningsrekening. Hoewel die wysigingswet nog nie gepromulgeer is nie (dit sal eers min of meer in September gebeur), is die wet reeds in werking sedert 1 April en is dit dus geldig. Wat sê dié wet?

Die wysiging is gemaak aan art. 64 van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962). Dit sê kortweg dat 'n lening aan 'n verbonde persoon (*connected person*) gehanteer word as 'n dividend in spesie en belasting word gehê op rente wat nie gevra word nie. Dit sluit in 'n belasting op die verskil tussen die rente wat wél gevra word waar van toepassing en die amptelike rentekoers. Dit is 'n geagte dividend en belasting word gehê teen die koers van 15% daarop. Ek sê weer: Nie op die volle leningsbedrag nie.

Is dit regtig alles die moeite werd? Verneuk Jan Taks nou met 'n paar rand se inkomstebelasting en sit en wag dat hy jou later slaan met ander belastingstokke?

Die probleem is eintlik dat slim sy baas gevang het met 'n algemene belastingontduikingskema. Direkteure van maatskappye of lede van beslote korporasies het die minimum salaris aan hulself toegeken om hul inkomstebelastingpligte te verminder en het dan – pleks daarvan om 'n dividend aan hulself uit te keer wat belas sou wees teen 10% (sekondêre belasting op maatskappye) – die onttrekking as 'n "lening" aangeteken. Natuurlik is dit belastingontduiking. Ek is verbaas dit het die Tesourie so lank geneem om dit vas te vat.

Maar dit is gedoen en nou is dividendbelasting betaalbaar op die rente wat nie gehê word nie. So, voortaan is die lening eerstens belasbaar in die maatskappy teen 28% en daarna is die rente wat nie betaal word nie, belas teen 15%. Gaan maak maar die somme. Terloops, dit geld ook lenings wat uit trusts gemaak is.

Dit is net dividendbelasting. Kom ons neem

nou die gevolge van hierdie belastingontduiking-speletjie 'n stap verder. Jy en jou ouditeur dink julle is baie slim en vermy inkomstebelasting deur jou op skuld te laat leef. Wat word van dié skuld as jy eendag wil aftree? Of as jy doodgaan? Ons gaan tog almal dood.

Jou belang in die maatskappy (of BK) is 'n bate in jou boedel. Het jou boedel die kontant om dié lening terug te betaal? Onthou, die maatskappy is 'n aparte regsenteit wat sy skuld kan eis teen jou boedel. En as die maatskappy self skuldeisers het en die maatskappy het nie bates om hulle te vergoed nie? Die lening aan jou is 'n maatskappy-bate, en só kan die maatskappy se krediteure toegang tot jou boedelbates kry.

Of beplan jy om met die sogenaamde "boekingskrywings" waarvan ek so baie hoor, die skuld af te skryf? Wel, jy is aanspreeklik vir kapitaalwinstbelasting op die volle uitstaande lening teen 'n maksimum koers van 13,3%. Die maatskappy kan dalk boonop ook geskenkebelasting moet betaal teen 20%.

Verkoop jy die maatskappy, gaan jy uit die verkoopprijs aan die koper jou leningsbedrag moet terugbetaal. Ja, jy kan die koopprijs verhoog met die leningsbedrag, maar dan skep jy vir jouself verhoogde kapitaalwinstbelasting op die waarde van die lening.

Is dit regtig alles die moeite werd? Verneuk Jan Taks nou met 'n paar rand se inkomstebelasting en sit en wag dat hy jou later slaan met ander belastingstokke? Tot nadeel van jou naasbestaandes?

Belastingbeplanning gaan oor meer as 'n bietjie verneuk met inkomstebelasting. Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risikobestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkteverreker verbode nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.

Navrae: Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos: nico@finlac.com